24.4 RAPPORT 4 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – WYSIGING VAN PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN KO, ART 9 AANSOEKE (Art 84)

24.4 REPORT 4 – CURATORS THEOLOGICAL SCHOOL POTCHEFSTROOM – AMENDING OF PROCEDURE FOR HANDLING CO, ART 9 APPLICATIONS (Art 84)

A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.
Dr GJ Meijer tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 *Agtergrond* Die afgelope jare is daar 'n gedurige stroom van aansoeke ingevolge KO, ar 9 waarmee die Kuratore moet handel. Sedert Algemene Sinode 2015 is tien aansoeke ontvang en hanteer, waarvan vier onttrek het of afgekeur is en vier nog nie afgehandel is nie. Aan twee suksesvolle kandidate is Kandidaatsertifikate gegee is. Een persoon wat voor 2015 aansoek gedoen het, het ook die Kandidaatsertifikaat ontvang. Al drie van hulle is deur Streeksinodes geëksamineer en toegelaat om te proponeer. In dieselfde tydperk is aan twintig GKSA studente Kandidaatsertifikate gegee. Hierdie ontwikkeling het die Kuratore voor die volgende vraagstukke geplaas:	1.1 *Background* The past few years have seen a continuous stream of CO, art 9 applications for review by the Curators. Since General Synod 2015, 10 applications have been received and reviewed. Four withdrew or were rejected and four have not yet been finalised. Two candidates were successful and awarded candidate certificates, together with an individual who applied prior to 2015. All three were examined by regional synods and permitted to become probationers. During the same time period, candidate certificates were awarded to twenty GKSA students. This development confronted the Curators with the following questions:
1.1.1 Is ons huidige reëlings genoegsaam om die hoeveelheid aansoeke na reg te hanteer; d.i. om sover moontlik te verseker dat aansoekers (KO, art 9) tot die diens van die Woord in die GKSA geroepe voel en 'n deurleefde kennis van die Gereformeerde Godsdiens in leer en in lewe uitdra?	1.1.1 Are established procedures adequate to properly process the applications, i.e. to ensure as far as possible that applicants (CO, art 9) feel called to ministry of the Word in the GKSA and convey a deep-seated knowledge of the Reformed faith in doctrine and life?
1.1.2 Wat is die impak daarvan op die kerkverband?	1.1.2 How does it affect the denomination?
1.2 *KO, art 9 GKSA* Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is.	1.2 *CO, art 9 GKSA* Ministers who join from other churches or a sect will not be admitted to the ministry, except when great care is taken and only once they have been tested thoroughly over a certain period of time.

1.3 *Historiese agtergrond en huidige toepassing van KO, art 9*	1.3 *Historical background and application of CO, art 9*
1.3.1 Konteks Art 9 moet in direkte aansluiting by die voorafgaande artikel gelees en verstaan word, veral art 3 (die noodsaaklikheid van wettige beroeping en toelating), art 4 (die wyse van beroeping en toelating) en art 8 (groot versigtigheid voor toelating van hulle wat nie gestudeer het nie).	1.3.1 Context Art 9 must be viewed and understood in direct relation to the preceding articles, especially art 3 (the necessity of lawful calling and admittance) art 4 (the method of calling and admittance) and art 8 (great care before admitting those who have no formal training).
1.3.2 Redaksie tot 1964 "Nuwelinge, mispriesters en persone wat enige sekte verlaat sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot sorgvuldigheid en versigtigheid, nadat hulle ook vir 'n sekere tyd goed beproef is".	1.3.2 Editing up to 1964 "Recent converts, officiants and persons leaving any sect will not be admitted to the ministry, except with great care and caution, after they have also been tested for a certain period of time".
1.3.2.1 Die term nuweling kom direk uit die Skrif (1 Tim 3:6, 5:22). Dit is mense wat pas uit die heidendom of Jodedom deel geword van die gemeente van Christus. Hulle kon nog nie baie van die leer en lewe van Christene leer ken nie en is nog nie stewig daarin gefundeer nie. Wanneer sulke mense al te vinnig as predikers bevestig word, kan hulle in selfverheffing verval en sodoende in die hande van Satan val.	1.3.2.1 The term recent convert is taken directly from Scripture (1 Tim 3:6; 5:22). These are people who have just left heathendom or Judaism to join the church of Christ. They have not yet had the opportunity to learn of the doctrine and life of Christians and are not yet thoroughly entrenched therein. When such individuals are ordained into the ministry to soon, they may be tempted to self-glorification and as such fall into the hands of Satan.
1.3.2.2 Ten tye van die Reformasie was dit voorgangers wat die Roomse Kerk verlaat het of Doperse voorgangers (Wederdopers het niks van 'n wetenskaplike opleiding wou weet nie – J Jansen, p44) wat na die Reformasie oorgekom het. Die feit dat hulle in 'n besondere amp gedien het, is aanvaar. Daar moes egter eers 'n sorgvuldige ondersoek oor hulle leer en lewe gedoen word voordat hulle as bedienaar van die Woord in die Gereformeerde Kerke toegelaat is.	1.3.2.2 During the Reformation it was leaders that left the Roman church or "Baptist" leaders (Anabaptists had no interest in scientific training – J Jansen, p44) that crossed over to the Reformation. It was accepted that they served in a special office. A thorough investigation into their doctrine and life first had to be conducted, before they could be admitted as ministers of the Word in the Reformed churches.
1.3.2.3 Die ou redaksie plaas besondere klem op die kerk of sekte wat verlaat word. In die nuwe redaksie val die klem op die aansluit by die Gereformeerde Kerke. Beide aspekte is van belang: waarom verlaat die persoon die kerk of sekte waaraan hy voorheen as prediker verbonde was en waarom wil hy by die Gereformeerde Kerke aansluit?	1.3.2.3 The old rendition places special emphasis on the church or sect left behind. The new rendition centres on joining the Reformed Churches. Both aspects are important: Why is the person leaving the church or sect in which he previously served as minister and why does he wish to join the Reformed Church?

1.3.3 Inhoud van ondersoek	1.3.3 Content of enquiry
1.3.3.1 Vrae Vrae wat by die ondersoek ter sprake kom, is die volgende:	1.3.3.1 Questions The following questions are raised during the investigation:
1.3.3.1.1 Is die onttrekking uit die kerkgemeenskap van waar die prediker afkomstig is 'n daad van geloof en geloofsoortuiging?	1.3.3.1.1 Is the departure from the faith community of origin an act of faith and religious conviction?
1.3.3.1.2 Wat motiveer die persoon om (a) Gereformeerd te word en (b) 'n bedienaar van die Woord in die Gereformeerde Kerke te word?	1.3.3.1.2 What is the motivation to (a) join the Reformed Church and (b) become a minister of the Word in the Reformed Churches?
1.3.3.1.3 Is die aansoeker oortuig van sy innerlike roeping?	1.3.3.1.3 Does the applicant have the inner conviction of his calling?
1.3.3.1.4 Beskik hy oor die nodige (a) gawes en (b) toerusting vir die diens van die Woordbedienaar in die Gereformeerde Kerke?	1.3.3.1.4 Does he possess the necessary (a) gifts and (b) training for service as a minister of the Word in the Reformed Churches?
1.3.3.1.5 Is die prediker suiwer in leer en lewe?	1.3.3.1.5 Is the minister pure in doctrine and life?
1.3.3.1.6 Is daar oor 'n tyd lank beproef dat hy werklik Gereformeerd is, veral wat die prediking betref?	1.3.3.1.6 Has he been assessed over a period of time whether he is truly Reformed, especially in terms of preaching?
Opmerkings en aantekeninge wat op hierdie vrae betrekking het:	Notes and comments pertaining to these questions:
1.3.3.2 Histories	1.3.3.2 Historically
1.3.3.2.1 Dordrecht 1574: "Ten eerste datse de leere des pausdoms versaecken, ten tweede datse haer vocatie versaecken, ten derden datse wel geoefent ende doorsocht syn door ootmoedicheyt ende patientie, ten vierden datse een gaue van wel te leren hebben, ten vijfden datse de rechte leere bekennen ende sich der Dicipline onderwerpen" (art 20, 17 Junie 1574).	1.3.3.2.1 Dordrecht 1574: "Ten eerste datse de leere des pausdoms versaecken, ten tweede datse haer vocatie versaecken, ten derden datse wel geoefent ende doorsocht syn door ootmoedicheyt ende patientie, ten vierden datse een gaue van wel te leren hebben, ten vijfden datse de rechte leere bekennen ende sich der Dicipline onderwerpen" (art 20, 17 June 1574).
1.3.3.2.2 Dordrecht 1578, art 2: "niet sullen toegelaten werden, voor datse ettelicke maanden langh beproeft zijn".	1.3.3.2.2 Dordrecht 1578, art 2: "niet sullen toegelaten werden, voor datse ettelicke maanden langh beproeft zijn".
1.3.3.2.3 Dordrecht 1618/19, art 9: "dan met groote sorghvuldigheyt ende voorzichtigheyt".	1.3.3.2.3 Dordrecht 1618/19, art 9: "dan met groote sorghvuldigheyt ende voorzichtigheyt."
Die klem val by die kerke van die Reformasie op: 1. die redes waarom iemand wat voorheen elders 'n Woordbedienaar was in die Reformatoriese kerke Woordbedienaar wil wees; 2. die tyd wat met verloop om iemand wat tot sodanige stap oorgaan deeglik (sorgvuldig en met versigtigheid) te onder-	Emphasis falls for the churches of the Reformation on: 1. the reasons why someone who previously served as minister of the Word elsewhere wishes to be a Reformed minister of the Word; 2. the time it takes to assess (carefully and thoroughly) someone who takes such a step; and

soek; 3. die vrae wat by so ‘n ondersoek gestel moet word.	3. the questions that need to be posed in such a case.
1.3.3.3 <u>Wat beweeg iemand?</u>	1.3.3.3 <u>What motivates someone?</u>
1.3.3.3.1 “...die beweegrede moet nie wees om hom by die kerk te voeg om daar predikant te wil wees nie (moontlik vir lewensonderhoud); hy moet eers belydende lidmaat wees, eers die eenheid van die geloof bely en uit oortuiging die Gereformeerde Kerke liefhê” (Du Plessis in Kruger *et al*, p85).	1.3.3.3.1 “…the motivation should not be to join the church with the wish to become one of its ministers (possibly for a livelihood); he must first be a confirmed member, first profess unity of faith and have a love for the Reformed Church that stems from a conviction” (Du Plessis in Kruger *et al*, p85).
1.3.3.3.2 Is hy van sy dwalinge genees (Van der Linde, p42)?	1.3.3.3.2 Has he left behind his mistaken beliefs (Van der Linde, p42)?
1.3.3.3.3 “Tydens die predikantenood in die Gereformeerde Kerke (1860-1869) het verskillende voorgangers in ander kerkgemeenskappe oorweeg om oor te kom (GKSA 1869:118; 1918: artt 49, 112). Die kerke in die Derde Wêreld kry ook gedurig met dergelike gevalle te doen wat hulle miskien te maklik en te gou op een eksamen af toelaat. Hierdie “nuwelinge” verlaat dikwels die kerkdiens weer net so gou of moet afgesit word om redes wat moontlik hulle oorkoms veroorsaak het. Die negatiewe formulering van die artikel toon dat in die reël niemand van buite (behalwe in hoë uitsondering) toegelaat word nie. Iemand mag selfs met die oog op bepaalde voordele soos lewensonderhoud, status, tipe werkgeleentheid of iets dergeliks om toelating aansoek doen. Hierdie motiewe mag weggesteek word onder skyn van ernstige oortuiging en verlange na diens. Slegs ‘n bona fide aansoeker wat oor die nodige roeping, oortuiging en bekwaamheid beskik, moet toegelaat word” (Spoelstra, p78).	1.3.3.3.3 “During the minister shortage in the Reformed churches (1860-1869) a range of leaders from other faith communities considered stepping in (GKSA 1869:118; 1918: arts 49, 112). Churches in the Third World regularly experience the same, where some may be too quick to decide to sit for the admission examination. These “recent converts” often abandon the minister just as quickly or have to be dismissed for the same reasons that led to their move. The negative formulation of the article denotes that as a rule no one from outside (save for highly exceptional cases) are admitted. Someone may even apply for admittance for personal benefit such as a livelihood, status, type of employment or the like and may hide these motives behind sincere conviction and a yearning to serve. Only a bona fide applicant who has received the necessary calling, conviction and competence can be admitted” (Spoelstra, p78).
1.3.3.4 <u>Gewig van akademiese toerusting</u> “Uit die aard van die saak sal ‘n prediker uit ‘n ander kerkgemeenskap ‘n ander opleiding ontvang het as wat by predikanteopleiding in eie geledere die geval is. Selfs wanneer aansoekers uitnemende geleerdes en predikante	1.3.3.4 <u>Value of academic training</u> “Naturally a minister of another faith community would have received training different to that of ministers in this denomination. Even should applicants be highly educated and skilled practitioners who possess the same or better training from local

is wat oor dieselfde en beter opleiding hier te lande of van oorsee beskik, bepaal dit nie die toelating tot die diens nie" (Spoelstra, p78).	institutions or abroad, admission is not a given" (Spoelstra, p78).
1.3.3.5 Getuienis Die Skrif bevestig die noodsaak van positiewe attestasie in (o.a.) 1 Kor 9:2; 2 Kor 5:12; 6:4; 8:22; 10:17, 12:11. "Die getuienis (attestasie) van die Gereformeerde Kerk waar hy lidmaat is, moet deeglik gekontroleer word" (Du Plessis in Kruger *et al*, p85).	1.3.3.5 Testimony Scripture confirms the need for positive testimony in (*inter alia*) 1 Cor 9:2; 2 Cor 5:12; 6:4; 8:22; 10:17; 12:11. "The testimony (attestation) of the Reformed Church of which he is a member must be thoroughly assessed" (Du Plessis in Kruger *et al*, p85).
1.3.4 Wyse van ondersoeke Twee eksamens word deur die KO gereël met die oog op die toelating tot die Woorddiens. Dit is die *preparatoir* en *peremptoir* eksamens.	1.3.4 Method of assessment Two examinations are set in the CO for admission to the ministry of the Word, viz. the *preparatoir* and *peremptoir* examinations.
1.3.4.1 *Preparatoir* (voorbereidend ondersoek) Is die aansoeker genoegsaam voorbereid vir bediening van die Woord in die Gereformeerde Kerke? Is hy akademies op peil? Het hy goeie kerklike getuienis oor leer en lewe? 'n Klassis met Deputate van die Streeksinode stel dit vas. Die aansoeker word vir proefpreke verwys (vgl art 8).	1.3.4.1 *Preparatoir* (preparatory examination) Is the applicant adequately prepared for ministry of the Word in the Reformed Churches? Academically up to standard? Positive church testimony on doctrine and life? This is determined by the Classis, together with Deputies from the Regional Synod. He must also present a number of probatory sermons (cf. art 8).
1.3.4.2 *Peremptoir* (beslissende ondersoek) As die tyd van sorgvuldige en versigtige voorbereidende ondersoek verby is, meld die kandidaat vir die *peremptoir* eksamen by die Streeksinode aan. Hy kan dan ná gunstige eksaminering in die kerke beroepbaar gestel word. Sinode 1967 het die eksamens van KO, art 4 as een eksamen saamgevoeg. Die (gekombineerde) eksamen word deur die Streeksinodes afgeneem. Sinode 1970 wys egter daarop dat die "*besluit met riglyne vir twee eksamens deur Klassisse behou word om deur Partikuliere Sinodes in werking gestel te word wanneer hulle dit onder besondere omstandighede nodig ag*" (Acta 1970:128, 3). Die toelating van persone vanuit ander kerke en sektes teen die huidige frekwensie	1.3.4.2 *Peremptoir* (determining examination) Once the period of thorough and careful preparative assessment has been concluded, the candidate reports to the Regional Synod for the *peremptoir* examination. Upon favourable examination, he may be made available for calling in the churches. Synod 1967 combined the examinations of art 4 into one examination, which are set by the Regional Synods. Synod 1970, however, points out that the *decision with guidelines for two examinations, set by classes, is retained to be utilised by regional synod when it is deemed necessary in exceptional cases'* (Acta 1970:128, 3). The admittance of individuals from other churches and sects at the current rate is one such an exceptional case (cf. point 2).

skep tans ‘n buitengewone situasie (vgl pt 2).

Indien KO, artt 9 en 4 op grond van die bestaande Sinodebesluite gelees en toegepas word, bied art 4 die geleentheid om verder uitvoer aan die “met groot versigtigheid” van KO, art 9 te gee. Dit sou beteken dat die *preparatoir* en *peremptoir* eksamens vir die toepassing van KO, art 9, soos in die verlede, van mekaar geskei en as selfstandige eksamens toegepas word. Die toespitsing van die onderskeie eksamens word goed uiteengesit in die onderskeie Acta van 1967 en 1970 (Acta 1967:45-51; Acta 1970:122-128). Die kerke sou in die toekoms daarby aansluiting kon vind vir die verdere toepassing van KO, art 9.

If CO, arts 9 and 4 are read and applied according to current Synod decisions, art 4 offers the opportunity to execute art 9, with great “circumspection”. This would entail that the *preparatoir* and *peremptoir* examinations, applicable to art 9, are applied as two independent examinations as in the past. The focus of the respective examinations are clearly set out in the Acta of 1967 and 1970 respectively (Acta 1967:45-51; Acta 1970:122-128). It could serve the churches well in future with the further application of CO, art 9.

1.3.5 <u>Die TSP (Senaat/Kuratorium) en art 9-aansoeke</u>

Die Prospektus van die TSP bepaal:

“Predikers wat uit ander kerke by die GKSA aansluit en tot die diens van die Woord toegelaat wil word, se aansoek en ondersoek word soos volg hanteer:

1 Aansoekers wat uit ander kerke aansoek doen, moet by die plaaslike kerk aansluit of in die proses wees of getuienis gee daarvan.

2 Die aanvanklike aansoek om in terme van KO, art 9 tot die bediening toegelaat te word, word normaalweg aan die aansoeker se Kerkraad gerig.

3 Die aansoeker meld by die TSP aan vir ‘n *colloquium doctum*. Die doel van hierdie *colloquium* is om vas te stel of die persoon se kennis op ‘n standaard is vir die verkryging van ‘n Kandidaatsertifikaat. Na aanleiding van die uitslag van die *colloquium* bevind die Senaat dat die aansoeker die Kandidaatsertifikaat kan verkry of maak verdere aanbevelings ivm die persoon.

4 Predikers van kerke in die buiteland kan, indien hulle nie hier aan ‘n plaaslike kerk verbonde is nie, maar van voorneme is om pre-

1.3.5 <u>The TSP (Senate/Curatorium) and art 9 applications</u>

The Prospectus of the TSP stipulates:

“The application and assessment of ministers who join the GKSA from other churches and wish to be admitted to the ministry of the Word are conducted as follows:

1 Applicants from other denominations must join their local church or are in the process of doing so or testify thereto.

2 The initial application for admittance to the office, in terms of CO, art 9, is usually addressed to the applicant’s Church Council.

3 The applicant reports to the TSP for a *colloquium doctum*, the aim of which is to determine whether the applicant has the knowledge required for obtaining a candidate certificate. The senate determines, according to the outcome of the *colloquium,* whether the applicant qualifies to receive the candidate certificate or makes certain recommendations regarding the applicant.

4 Preachers of overseas churches seeking admission to the office of the Word in the GKSA, who are not affiliated to a local church, report to

dikant in die GKSA te word, hulle aanmeld by die TSP wat sal oordeel of artt 4 of 9 van die KO van toepassing is. Indien art 9 van toepassing is, word 'n *colloquium doctum* met die persoon gereël".	the TSP, where it is be determined whether arts 4 or 9 applies. Should art 9 be applicable, a *colloquium doctum* is arranged".
Die ondersoek van die Senaat/TSP vorm 'n wesenlike onderdeel van die *preparatoir* (voorbereidende) eksaminering.	The assessment of the senate/TSP is a significant component to the *preparatoir* (preparative) examination.
1.4 *Bevindings* Uit bogenoemde word duidelik dat:	1.4 *Findings* The above makes clear that:
1.4.1 kerklike vergaderinge (Kerkraad, Klassis sowel as Streeksinode) 'n deurslaggewende rol speel in die toelating tot die bediening van die Woord van iemand wat voorheen elders prediker was;	1.4.1 church assemblies (Church Council, Classis and Regional Synod) play a fundamental role in admittance to the ministry of the Word of ministers previously practising elsewhere;
1.4.2 die onderskeie kerklike vergaderinge deur middel van twee eksamens noukeurig ondersoek doen na die motiewe, roeping, bekwaamheid, toegerustheid, suiwerheid van Gereformeerde leer en lewenswandel van die aansoeker;	1.4.2 the different church assemblies conduct, by means of two examinations, a thorough review of the applicant's motives, calling, competence, training, purity of Reformed doctrine and life;
1.4.3 die Senaat en Kuratorium 'n belangrike rol speel wat betref die vasstelling van die aansoeker se akademiese vermoëns en toerusting. Dit vorm deel van die *preparatoir* eksamen.	1.4.3 the Senate and Curatorium play an important role in determining the applicant's academic achievements and training, which forms part of the *preparatoir* examination.
In die proses bly die volgende agterweë:	This process neglects the following:
1.4.4 Mindere vergaderinge het geen geheeloorsig oor die hoeveelheid en gehalte artikel 9-aansoeke nie. Party verklaarders van die KO huldig die opinie dat daar oor die jare slegs enkel aansoeke is; dit moet 'n uitsondering wees. Die huidige gegewe is dat daar alleen oor die afgelope oor twee jaar agt aansoeke gedien het. Die enigste vergadering wat dit kan moniteer, is die TSP (Senaat/ Kuratore).	1.4.4 Minor assemblies do not have an overview of the quantity and quality of art 9 applications. Some interpret the CO to mean that there would only be one or two applications over the years; it must be the exception. The fact is that just over the past two years eight applications have been received. The only assembly that could monitor this is the TSP (Senate/Curators).
1.4.5 Mindere vergaderinge kan vanweë 'n gebrek aan geheeloorsig geen opinie vorm oor die effek wat die hoeveelheid en gehalte art 9-aansoeke (en vanwaar die aansoeke kom) op die kerke het nie. Slegs die TSP (Senaat/ Kuratore) kan dit doen.	1.4.5 Due to this lack of overview, minor assemblies couldn't possibly form an opinion on the impact that the quantity of quality art 9 applications (and their source) has on churches. Only the TSP (Senate/Curators) can do so.
Mindere vergaderings het geen geheeloorsig op 'n kontinue basis oor hoeveel studente aan die TSP afgestudeer en as proponent beroepafwagtend is nie. Streeksinodes weet slegs van die proponente in hulle omgewing.	Minor assemblies do not have a continual overview of the number of TSP graduates awaiting calling to a congregation. Regional Synods are only aware of the probationers in their area. Minor assemblies are also not

Mindere vergaderings is ook nie op hoogte van die bedieningsnood (al dan nie) in die kerke landwyd nie. Slegs die TSP het 'n oorsig oor die volledige toedrag van sake.	abreast of the ministry need (or not) of all the churches. Only the TSP has an overview of the true state of affairs.
1.5 *Geraadpleegde bronne*	1.5 *Consulted sources*
1.5.1 Bouwman, H. Kerkrecht deel 1, p439-442.	1.5.1 Bouwman, H. Kerkrecht deel 1, p439-442.
1.5.2 Jansen, J. 1923 Korte Verklaring van de Kerkenordening, p43-44.	1.5.2 Jansen, J. 1923 Korte Verklaring van de Kerkenordening, p43-44.
1.5.3 Kerkordeboekie van die GKSA 2015, p18.	1.5.3 Kerkordeboekie van die GKSA 2015, p18.
1.5.4 Kruger, LS *et al*, Handleiding by die Kerkorde van die GKSA, p83-86.	1.5.4 Kruger, LS *et al*, Handleiding by die Kerkorde van die GKSA, p83-86.
1.5.5 Kuratore TSP, Prospektus 2015.	1.5.5 Kuratore TSP, Prospektus 2015.
1.5.6 Monsma, M. The revised Church Order Commentary, p48-52.	1.5.6 Monsma, M. The revised Church Order Commentary, p48-52.
1.5.7 Rutgers, FL. Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeu.	1.5.7 Rutgers, FL. Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeu.
1.5.8 Spoelstra, B. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering, p77-82.	1.5.8 Spoelstra, B. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering, p77-82.
1.5.9 Van der Linde, GPL. 'n Verklaring by die Kerkorde, p41-43.	1.5.9 Van der Linde, GPL. 'n Verklaring by die Kerkorde, p41-43.
1.5.10 Visser, J. Die Kerkorde in Praktyk, p45-46.	1.5.10 Visser, J. Die Kerkorde in Praktyk, p45-46.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.5.10 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.5.10 noted.**
2. Sake waaroor die Sinode besluit	**2. Matters that the Synod decide on**
2.1 Die Sinode word versoek om die bestaande prosedure vir die toepassing van KO, art 9 so te wysig dat die kerke voortaan die *preparatoir* en *peremptoir* eksamens as selfstandige eksamens afneem om verder steeds met groot versigtigheid uitvoer aan die bepalings van KO, art 9 te gee.	2.1 Synod is requested to amend the existing procedure for the application of CO, art 9 so that in future the churches set the *preparatoir* and *peremptoir* examinations as two independent examinations, while still taking great care in the execution of the stipulations of CO, art 9.
2.2 Die Sinode keur die volgende saamgevatte prosedure vir art 9 aansoeke goed:	2.2 Summary of procedures for art 9 applications
Die ordelike weg waarlangs 'n persoon ooreenkomstig KO, art 9 aansoek moet doen om toegelaat te word tot die diens van die Woord, is die volgende (kyk Visser, p45):	The orderly method of applying for admittance to the ministry of the Word according to CO, art 9 is as follows (see Visser, p45):
2.2.1 Hy moet sy begeerte om toegelaat te word tot die diens van die Woord aan sy Kerkraad bekend maak.	2.2.1 He must express his wish for admission to the ministry of the Word to his Church Council.
2.2.2 Die Kerkraad moet die aansoek deeglik oorweeg; met die oog op die aansoeker se motiewe, moet 'n deurtastende ondersoek gedoen word by wyse van 'n indringende broederlike gesprek.	2.2.2 The Church Council must thoroughly evaluate the application, and to determine the applicant's motives a careful assessment must be made by means of an in-depth brotherly discussion.
2.2.3 As die Kerkraad oortuig is dat die aansoek verdienste het en die aansoeker se motiewe suiwer is, verwys	2.2.3 Should the Church Council sincerely believe that the application is of merit and the applicant's motives are pure, it

hy die persoon na die Teologiese Skool, sodat daar vasgestel kan word of sy teologiese opleiding voldoen aan die vereistes vir die Kandidaatseksamen, en of aanvullende opleiding nodig is.	refers him to the Theological School that there may be determined whether his theological training meets the requirements of the candidate examination or whether supplementary training is required.
2.2.4 Wanneer die Senaat van die Teologiese Skool tevrede is dat die teologiese toerusting van die persoon bevredigend is, word hy voorsien van ‘n Kandidaatsertifikaat.	2.2.4 Once the Senate and Curatorium of the Theological School is satisfied that the applicant’s theological training suffices, he is awarded the Candidate Certificate.
2.2.5 Die Kerkraad stuur dan ‘n behoorlik gemotiveerde aansoek na die Klassis deur; hierdie aansoek moet vergesel word van die dokument van die Senaat van die Teologiese Skool, asook van ‘n getuienis van die aansoeker se leer en lewenswandel.	2.2.5 Then the Church Council provides the Classis with a properly motivated application, which must be accompanied by the document from the Theological School as well as testimony of the applicant’s doctrine and life.
2.2.6 Die Klassis, saam met die Deputate van die Streeksinode (kyk KO, art 49), behandel die aansoek selfstandig en indringend, voordat oorgegaan word tot eksaminering volgens KO, art 4.	2.2.6 The Classis, together with the Deputies of the Regional Synod (see CO, art 49), conducts an independent and in-depth review of the document, prior to examination as per CO, art 4.
2.2.7 As die eksaminering bevredigend verloop, moet daar eers ‘n tydperk bepaal word waarin die aansoeker “goed beproef” – dit wil sê behoorlik prakties getoets – word. Hierdie praktiese toetsing vind in ‘n gemeente plaas, onder toesig van ‘n Kerkraad en met begeleiding van ‘n bedienaar van die Woord. Die aansoeker moet ruim geleentheid kry vir “preekproewe” soos in die geval van ‘n aansoeker onder KO, art 8.	2.2.7 Should the examination be favourable, then a period must be set for a “severe trial period” – i.e. proper practical testing. This testing naturally occurs in a congregation, supervised by a Church Council and guided by a minister of the Word. The applicant must be afforded substantial opportunity to present “probatory sermons”, as provided for an applicant in terms of CO, art 8.
2.2.8 Van hierdie praktiese toetsing, sowel as van die aansoeker se leer en lewenswandel tydens die proeftyd, moet uitvoerig aan die Klassis en die Deputate van die Streeksinode getuienis gelewer word.	2.2.8 Detailed testimony of this practical testing as well as the applicant’s doctrine and life during the trial period must be provided to the Classis and the Deputies of the Regional Synod.
2.2.9 As hierdie getuienis bevredigend is, word die aansoeker beroepbaar gestel en onderteken hy die Ondertekeningsformulier vir Proponente.	2.2.9 Should this testimony be satisfactory, the applicant is set eligible to be called and he signs the Formulary for Probationers.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.9 goedgekeur.	**Decision: Points 2.1 to 2.2.9 approved.**